Laerskool Genl De la Rey

Die Leeubrul

UITGAWE 9 VAN 2011 13 OKTOBER 2011

INHOUD

FINANSIES 2012	1
KWARTAALPROGRAM	2
KFC - ADD HOPE	3
HOKKIEPROEWE	3
NUWE INSKRYWINGS	4

Welkom terug!

Welkom terug aan al ons leerders, ouers en personeel. Ons vertrou dat u darem kon rus tydens dié kort vakansie.

Sowaar ons is alweer aan die einde van die jaar, die laaste kwartaal. Dit gaan 'n baie bedrywige kwartaal wees met Gholfdag, gradeplegtigheid, prysuitdelings ensovoorts op die spyskaart. Ons heg ook die kwartaalprogram vir u aan. Ons sal dit ook op ons nuwe webblad oplaai vir u gerief.

Ons innige meegevoel aan ons snoepietannie Ta' Kruger en gesin met die afsterwe van haar sussie gedurende die vakansie. Ons het pas ook verneem van die afsterwe van Kyle Ackerman se ouma. Ons dink in ons gebede aan u almal.

FINANSIES & BEGROTINGS-VERGADERING

Die Beheerliggaam wil hul opregte dank uitspreek teenoor al ons ouers vir die pragtige bywoning van ons jaarlikse begrotingsvergadering.

Die Beheerliggaam wil graag die skoolfooie laag hou en daarom is slegs 'n 2% verhoging voorgestel (R100 per jaar) op voorwaarde dat 2011 se skoolfonds betaal moet word. Kom ons neem hande en werk hard om ons laaste gelde te betaal.

Die skoolfonds vir 2012 beloop R4 700 per jaar waarvan R1 000,00 boekgelde teen die einde Januarie 2012 betaal moet wees en R370 per maand oor 10 maande vir die skoolfonds.

Die volgende voorwaardes moet nagekom word :-

- Alle ouers MOET BOEKGELDE betaal.
- BOEKGELDE VAN

  R1 000 per leerder kan slegs betaal word indien skoolgelde van 2011 op datum betaal is.
- GEEN BOEKGELDE — geen boeke aan leerders.
- Indien GEEN SKOOLFONDS betaal is vind onmiddellike oorhandiging plaas.
- Alle ouers ondersteun FONDSINSAMELINGS-PROJEKTE.
- GEEN NASKOOL-GELDE—geen diens aan leerders.

GHOLFDAG : 21 Oktober 2011

Die leerders ontvang hul beloning vir meer as R50 000 ingesamel met die kaskarprojek.

Alle leerders mag by die huis bly op Vrydag 21 Oktober 2011, mits daar voldoende toesig is. Leerders wie nie toesig het nie moet skool toe kom in gewone klere sonder tasse. Daar sal toesig wees tot en met 13:00. Naskool gaan normal voort.

PRYSE / DONASIES : GHOLFDAG

Om van ons Gholfdag 'n sukses te maak benodig ons egter nog pryse of donasies. Ons benodig geseëlde bottels wyn of drank vir pryse ensovoorts. U kan dit by die kantoor inhandig.

KASKARBELONING

Alle leerders wie 3 en meer lyste verkoop het sal op Dinsdag 6 Desember 2011 na Pines Resort geneem word vir 'n luilekker dag vol pret en plesier.

VIERDE KWARTAALPROGRAM 2011

OKTOBER

10 Oktober	**Skool Heropen** **Personeelvergadering; Fase vergadering : Gr 1 – 7**
13 Oktober	**NUUSBRIEF NA OUERS**
14 Oktober	**KFC – Add Hope-dag – Alle leerders trek Vrydag rooi aan**
17 Oktober	**Basedag**
19 Oktober	**Graad 4 en 5 Uitstappie na Dieretuin**
20 Oktober	**TOETSREEKS Gr 4 – 7 KK**
21 Oktober	**GHOLFDAG**
27 Oktober	**TOETSREEKS Gr 4 – 7 Tegn.**

NOVEMBER

03 November	**TOETSREEKS Gr 4 – 7 LO (Toetsreeks eindig)** **NUUSBRIEF NA OUERS**
08 November	**Dagbestuurs- & Finansiële Vergadering 07:30**
12 November	**Kinderklub - Kersparty**
15 Nov	**Beheerliggaamvergadering 18:00**
16 November	**EKSAMENAFBAKENING na Erika vir Tik, Afrol en uitdeel**
21 November	**Gradeplegtigheid – Graad R**
22 November	**Prysuitdeling Graad 1 tot 3**
23 November	**Prysuitdeling Graad 4 tot 6**
24 November	**Prysuitdeling Graad 7** **NUUSBRIEF NA OUERS**
25 November	**MARKDAG vir ons leerders**
28 November	**EINDEKSAMEN Gr 4/5 Wisk Gr 6/7 Eng**
29 November	**EINDEKSAMEN Gr 4/5 Afr. Gr 6/7 Afr**
30 November	**EINDEKSAMEN Gr 4/5 Eng Gr 6/7 Wisk**

DESEMBER

01 Desember	**EINDEKSAMEN Gr 4/5 SW Gr 6/7 EBW**
02 Desember	**EINDEKSAMEN Gr 4/5 EBW Gr 6/7 NW**
05 Desember	**08:00 – 09:00 Erkenningsfunksie – Graad 1 tot 3** **09:30 – 11:00 Erkenningsfunksie – Graad 4 tot 7** **EINDEKSAMEN Gr 4/5 NW Gr 6/7 SW (Eindeksamen eindig)**
06 Desember	**Kaskar Uitstappie na Pines**
07 Desember	**Graad 7 – Afskeid (Ysskaats)**
09 Desember	**Afhaal van Rapporte – skool sluit vir leerders** **Skool sluit vir leerders** **Personeelfunksie**
13 Desember	**Skool sluit vir personeel**

FINANSIES

Eerstens baie dankie aan al ons ouers wat gedurende die jaar hulle skoolfonds so gereeld en op datum betaal. Dit word opreg waardeer. Ouers moes nou alreeds skoolfonds tot en met begin September 2011 betaal het. U Oktober paaiement moet nou alreeds betaal wees.

Ouers wat skoolfonds deur middel van die internet oorbetaal word weer eens daarop gewys dat as verwysing net u rekeningnommer 720/... gebruik moet word.

Moet asseblief nie daarvan vergeet nie want anders weet ons nie watter leerling se betaling dit is nie, en kan ons dit dus nie op die rekening aandui nie.

NASKOOL- EN DELLIELANDGELDE

Die naskool asook die Graad R-fooie, moet ook nou al opbetaal wees tot en met die einde van September.

Daar is nog uitstaande gelde by ouers wat geen reëlings getref het nie. Ouers die naskoolsentrum en die Kleuterskool word privaat bedryf en daarom moet alle gelde op datum betaal wees.

Alle ouers word herinner dat die Oktober paaiement ook nou alreeds vereffen moet wees.

Baie dankie byvoorbaat vir u vriendelike samewerking in die verband, dit word opreg waardeer!!



ONAFGEHAALDE RAPPORTE 3de Kwartaal

Ouers wat nie hul kinders se rapporte tydens die Begrotingsvergadering kom afhaal het nie word versoek om asseblief die rapport te kom afhaal by die kantoor.

GEEN RAPPORTE sal aan kinders gegee word om huistoe te neem nie. Dankie vir u samewerking in dié verband.

KFC : Add Hope

Op VRYDAG 14 OKTOBER 2011 moet alle leerders asseblief ROOI aantrek. Ons leerders moet ook asseblief 'n pakkie mieliemeel saambring, hiermee ondersteuning ons KFC se pragtige gebaar om die honger mense in ons gemeenskap te help. KFC is ons hoofborg, kom ons ondersteun hulle as skool soos hulle ons ondersteun.

HOKKIEPROEWE

Ons wens al ons O/11 en O/12 hokkiedogters wat hierdie week aan die hokkieproewe deelneem sterkte toe, ons weet dit sal goed gaan met julle almal!!

MARKDAG : Vrydag 25 November 2011

Stalletjies kan nou reeds by mev C Smit bespreek word teen R50.00 per stalletjie. Slegs een kosstalletjie per item sal toegelaat word, d.w.s. 1 koeldrank, 1 "hotdog" stalletjie ens. Ander stalletjies en speletjies is onbeperk.

Moontlike Druipelinge Vergadering

Bogemoende vergadering vind plaas op Donderdag 13 Oktober 2011 om 18:00 in die skoolsaal. Ouers wie betrokke is sal 'n aparte briefie met al die inligting ontvang.

Waterval Gemeente Kinderkuns kompetisie

Waterval Gemeente bied 'n kinderkuns kompetisie aan as deel van hulle 90-jarige feesvierings. Kinders doen hulle projek in skooltyd onder leiding van die personeel. Die uitstalling sal plaasvind Saterdag 22 Oktober tussen 11: en 13:00 by die Waterval kerksaal, met die toekenning van pryse om 12:30.

Eerste prys : R500 Tweede prys : R250

Derde prys : R150 Spesiale prys : R100

Verversings sal aan deelnemers verskaf word.

Navrae : Rita Jonker 082 496 8835

LAERSKOOL GENL DE LA REY

H/v Mollieweg en 12de Straat
DELAREY

TEL NR 011 673 1259 / 5019
FAKS NR 011 673 1766

Rekenaaradres :
dellies1@adsamail.co.za

Ondersteun asseblief ons HOOFBORG!!

Besoek ons nuwe webwerf by
www.dellies.co.za

NUWE GRAAD R- & 1-LEERDERS

Ons het alreeds baie inskrywings ontvang vir volgende jaar se nuwe leerders.

Baie dankie dat u so vroegtydig alreeds u kind se plek by ons bespreek het.

Nuwe registrasies (laatregistrasies) vir 2012 kan nog ontvang word tot 31 Oktober 2011. So, indien u, u kind wil inskryf, bring asseblief kopieë van die volgende saam en ons skryf hom in, geboortesertifikaat, ouers se identiteitsdokumente, bewys van woon– en werksadres, kliniekkaart.